



JACO MARITZ 082 853 7941



PAUL VAN NIEKERK 082 577 6556

SUKSESVERHAAL VAN **BOSHOEK - EN MARITZ BOVELDERS**

In 1978 het 11 kommersiële beesboere van die Vrede-Memel-Warden area in die Noord-Oos Vrystaat, die gesamentlike besluit geneem om orde te vestig in hul onderskeie vleisbeeskuddes, met waardetoevoeging oor die langtermyn as hoof doelwit.

Die rede vir hierdie besluit was omrede kruisteling ondoelmatig plaasgevind het en gelei het tot ondoelmatige telingspraktyke. Die algemene bestuur van hierdie boere was goed, maar langtermyn teel- en seleksie doelwitte was afwesig.

Onder leiding van Dr. At Viljoen, 'n veearts en beesboer, het die telersgroep die nodige strukture daargestel om regtellings in hul beesboerderye te maak.

Paul van Niekerk en Jaco Maritz se ouers is van die stigterslede van die Hoëveld Bees Studiegroep in 1986. Die Studiegroep het sederdien uitgebrei tot 70 lede, met 48 000 teeldiere in 2018 en staan nou bekend as die Bovelder Bees Studiegroep.

Connie van Niekerk, Ryno Maritz en medetelers het die volgende opsies oorweeg: Suiwerteling, Kruisteling of 'n Saamgestelde ras ("composite").

Daar is besluit om 'n saamgestelde ras te ontwikkel, wat aanpasbaar moes wees onder strawwe Hoëveld toestande, in die Noordoos Vrystaat.



Speen 6 kalwers teen 'n gemiddeld van 258kg met 'n TKP van 374 dae.

Die hulp van Dr. Hermann Venter, 'n wêreld bekende veekundige en topstudent van wyle Prof. Jan Bonsma, is bekom.

Die telersgroep, onder leiding van Dr. At Viljoen, het die volgende beginsels aanvaar:

- Die kombinasie van 'n reeks goed gekose rasse om 'n nuwe genepoel te vorm, lei tot verhoogde produktiwiteit en vinniger vordering met teling en seleksie.
- Gewenste eienskappe kan makliker met infusie ingebring word deur middel van rasse wat sterk staan in daardie eienskappe, teenoor suiwerteling of seleksie binne die ras.
- Aangesien doeltreffende vleisproduksie die enigste doelwit was, kon enige ras of raskombinasie wat 'n bydrae kon maak, as basisdier gebruik word.
- Kruisteling met suiwer rasse is voordelig, maar is ingewikkeld en kan lei tot ondoelmatige telingspraktyke.
- Deur moederkoeie te gebruik wat by jou plaastoestande aangepas is, kan 'n groot mate van produktiwiteit in geskepte rasse opgestapel word.
- "Man must measure" (Prof. Bonsma).
- Moet nie probeer meet wat jy moet sien nie, en andersom.
- As boer moet jy eerlik wees met jouself in beesteling praktyke.
- Hoe meer jy weet van beesteling, hoe meer moet jy agterkom hoe min jy weet.

**Bovelder veilingsbulle 3 jaar oud.
Vanaf speen tot op 3 jaar 6 keer geselekteer.**





Bovelder oop verse gereed vir die bul

Daar is besluit op 'n Taurus-Sanga “Composite”.

Die Johannesburg Munisipaliteit se Bovelders het 'n groot bydrae gelewer, veral ten opsigte van die Taurus komponent, wat gekombineer kon word met die Sanga en Taurus komponent van die Vrystaat telers. Die produksie- en aanpassingseienskappe van die Taurus en Sanga is gekombineer om maksimum heterose te bewerkstellig, met bevoordeling van die laer oorerfbare ekonomiese eienskappe. Die Taurus gedeelte sou die groter gedeelte van die finale samestelling uitmaak.

Die doel van 'n “Composite” is om rasverskille doeltreffend te gebruik en heterose te behou in die volgende generasies, sonder verdere kruisteling. Telers kan hul kuddes verbeter deur variasie binne en tussen rasse sinvol te benut.

Paul van Niekerk en Jaco Maritz se kuddes (asook ander lede) het vanaf 1986 hoofsaaklik uit die volgende tipes bestaan, naamlik:

- **Die Taurus groep:** Hoofsaaklik die Simmentaler en Sussex
- **Die Sanga groep:** Die Bonsmara en Afrikaner.



M150331

Hierdie bul het 'n speenmassa van 318 kg en 'n Veld indeks van 110

Die kuddes het 'n opgraderingsfase ondergaan, waar klem geplaas is om die samestelling van die ras vir aanpasbaarheid reg te stel. Toepaslike infusie is gedoen met bulle om die regte parings te doen (aanvullende parings). Om suksesvol te wees, was dit 'n vereiste vir Paul en Jaco om gereeld 'n kuddeklas te doen, met behulp van beoordeling vir funksionele doeltreffendheid en beskikbare prestasiegegewens.

Wat was die doel van die Kuddeklas:

- Identifisering van die beter teeldiere.
- Paring van die beste bulle met die beste koeie.
- Aanvullende parings: Om die Sanga/Taurus verhouding reg te stel vir aanpasbaarheid.
- Korrektiewe parings: Om ekonomiese eienskappe te versterk of te korrigeer bv. raamgrootte.
- Identifisering van nie-funksionele diere.
- Uitwysing van tekortkominge in die kudde.
- Vir die beplanning van teeldoelwitte.
- Om die regte aankope van bulle en vroulike diere te doen.



PVN 15-179

Baie goeie ma met 'n TKP van 369 dae en met 'n baie goeie retensie



Bovelder koeie met kalwers

Goeie reproduksie maak alles makliker

Die resultaat van die volgehoue toewyding van die Boshoeck en Maritz Bovelder kuddes na 32 jaar, was 'n gestabiliseerde “Composite”, waarin die volgende eienskappe van die Bovelder Beginsel gevestig is:

- Aanpassingsvermoë en konstitusie.
- Vrugbaarheid, gemak van kalwing.
- Mediumraam diere.
- Medium na vroeër geslagsrypheid.
- Vry van erflike gebreke.
- Doeltreffende groeivermoë en voeromset.
- Goeie vleisbouvorm.
- Goeie temperament.
- Voortreflike pigmentasie.
- Rooi van kleur.

Die hedendaagse Bovelder kan dus nou beskryf word as 'n mediumraam dier, wat ongekompliseerd is en goed aanpas onder veld- en voerkraal toestande.



Paul en Liana ; Bessie en Jaco

Insette wat gelei het tot die suksesverhaal van die Boshoeck - en Maritz Bovelderkuddes wat daarin geslaag het om 'n aanpasbare, funksionele ras te ontwikkel vir hulle omgewing.

- Toepassing van kudde-bestuursprogram, soos voorgeskryf.
- Doen gereeld die kuddeklasse.
- Doelmatige aankope van bulle en K.I. met beproefde bulle.
- Pas volhoubare streng seleksie en keuringsstandaarde toe.
- Teling van kwaliteit bovelder bulle en vroulike diere vir mark.
- Gebruikmaking van nuwe tegnologie bv. DNS.

Prestasies wat behaal word in die 2 kuddes.

- Gedurende die 2018 seisoen herkonsepsie van 95% oor 2000 koeie.
- 700 Kalwers verkoop aan Kameeldrift Voerkrale met 'n gemiddeld van 255 kg.
- Word insentief betaal vir hul speenkalwers.
- 100% verkope van Bovelders op 34 veilings.
- Presteer in die Beesboer van jaar kompetisie.
- Sinvolle ontleding van finansiële syfers van die beeskommoditeit.
- Suksesvol in die beperking van kalf verliese; vanaf dragtigheid tot by speen onder 5%.
- Het daarin geslaag om die voordele van heterose te behou:



R070010

Hierdie Bovelder koei speen 49,8 % van haar eie gewig oor 7 kalwers met 'n gemiddeld van 264kg en 'n TKP van 366 dae.

Behoud van Heterose

- Bulle: Gereelde aankope, omruiling of verhuring.
- Vroulike diere: Aankope, omruiling of verhuring.
- Regte parings.
- Kuddeklas vir korrektiewe en aanvullende parings.
- Kunsmatige inseminasie met beproefde bulle.
- Eie geteelde bulle reg gebruik.
- Benut variasie en voorkom inteling.
- Identifisering van verwantskappe.

Dr. Danie Odendaal skryf: "Die Bovelder Bees Studiegroep oorbeklemtoon nie die promovering van 'n spesifieke ras nie, maar teel diere met die optimale verhouding tussen Taurus en Sanga gene vir die ekonomiese belangrike oorerfbare eienskappe, binne die beperking van die omgewing.

Hulle plaas dus die fokus en aksies wat uitgevoer word op bestuur rondom die vaste beginsels van vleisbeesproduksie en seleksie vir funksionele doeltreffendheid, wat al oor en oor deur navorsing bevestig is.

Die basis van die suksesvolle beheer van erosiesiektes lê in die streng toepassing van 'n enkele beperkte dekseisoen per jaar en die uitskot van alle nie dragtige koeie en verse."

Bemarkingsbeplanning:

Ons fokus op die bewusmaking en promosie van al die ekonomies belangrike eienskappe van die Bovelder ras. Ons probeer om kwaliteit teelmateriaal aan die bedryf beskikbaar te stel, wat 'n bydrae sal maak en poog om 'n beter naverkope diens te lewer.

Bovelder dragtige verse



Dekseisoen van 60 dae

Groot waardering en erkenning word gegee aan die volgende persone wat vanaf 1965 'n bydrae gemaak het tot die Bovelder Ras se ontwikkeling:

Dr. Jan Lombaard; Dr. Roy Berg van die VSA; Dr. Geoff Harwin; Dr. Alistair Paterson;
Dr. W Ehret; Prof. Cas Maree; Roger Wood; Bill Avis en medewerkers; Dr. Hermann Venter;
Dr At Viljoen.

NEEM DEEL AAN DIE BOVELDER BEGINSEL

Moderne tegnologie en die kundigheid van veekundiges, soos hierbo genoem, kan 'n groot bydrae maak tot die verhoogte winsgewendheid van beesboere.

Boshhoek en Maritz Bovelders is oortuig daarvan dat, deur jou te omring met kundiges soos **Dr. At Viljoen** en **Dr Chris Nel**, en deel te wees van 'n groep soos die Bovelder Bees Studiegroep, daar nog genoeg geleenthede in ons land is om 'n sukses van beesboerdery te maak. Boshhoek en Maritz Bovelders wil groot dank uitspreek teenoor **Dr. At Viljoen** en al die medewerkers wat die Bovelder ras ontwikkel het.

Dit is 'n belangrike mylpaal wat in beesteling van kommersiële boere bereik is en 'n waardige monument vir die wat daaraan gebou het en nog steeds daarmee voortgaan.



WOENSDAG - 8 AUGUSTUS 2018

———— 11:00 - BOSHOEK - MEMEL ————
80 Top Bovelder bulle & 150 Vroulike diere



BESIGTIGINGSDAG • SATERDAG • 21 JULIE 2018 VANAF 09:00 - 13:00

GASVERKOPER:
Coenraad Fick 082 773 5078

www.bkb.co.za
www.bovelder.co.za

ROETE: VANAF VREDE: Ry 30km op die Memel pad (R34). Draai regs op die S1409. Ry 12km en draai links by plaas in **VANAF MEMEL:** Ry 20km op die Vrede pad (R34). Draai links op die S1409. Ry 12km en draai links by plaas in

AFSLAERS:
Postbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-mail: frankfort@afslasers.nl



NAVRAE:
Gideon Bekker 084 512 7628 | Westfël Vorster 082 566 1300
Dr. Chris Nel 083 654 9638 | Dr. Al Viljoen 082 440 7823
Arlaan: Jan Mothert 083 306 8408

Terre: "Gips hanggevoerbijde type of sedimenten
betreft het op dag van winning "Euklindas"
voornamelijk de bodem "ICA" (samenstelling
met een of meer componenten "Als gipsen werd
in "Kortrijkse" verkeerdt in "in (op het land
en in de bodem van de rivier of stroom, want
andere omstandigheden, die mogelijk, van de bodem
verduidelijking, 2008 in beschikbare in
http://www.gips.nl/documenten/verduidelijking_gipsen
pct-regulatie, bodemtype verduidelijking in
beschikbare in www.gips.nl en

WORD DEEL VAN DIE BOVELDER SE SUKSESVERHAAL